

Belangrikheid van Kruipvoeding aan Lammers

(Geskryf deur: Raché Stofberg, Diervoedingskundige, Wesfed voere) Maart 2016



Elke skaap produksie onderneming streef daarna om lammers te speen wat gesond en in 'n goeie liggaamskondisie is. Ooie produseer nie voldoende hoeveelhede melk om aan die voedingsbehoefte van lammers te voldoen nie. Dit is as gevolg van baie lae liggaamskondisies ('n kondisie van minder as 2) by lamtyd. Dus is dit veral 'n groot uitdaging om ooie te laat lam in die droë seisoen. Lammers wat in hierdie toestande gebore word, sal baie lae speen gewigte hê, asook swak oorlewings vermoë en na-speen prestasie. Probleme soos swak speen gewigte en oorlewing kan voorkom word deur die aanvulling van kruipvoer aan lammers.

Kruipvoeding is 'n eenvoudige manier om aan sogende lammers toegang te gee tot hoë kwaliteit aanvullende voeding, terwyl ooie verhoed word om by die voer uit te kom. Dit beteken dat die lammers nogsteeds aan die ooie sal suip, maar ook ekstra aanvullende voeding sal hê om op te maak vir enige

tekortkominge in hul dieet. Ongespeende lammers het 'n baie goeie voeromsetverhouding, 3:1 tot 4:1, dit wil sê vir elke 3-4kg voer wat die lam vreet, neem die massa met 1kg toe. Dus is dit meer effektief om die lam direk te voer, eerder as om die ooi te voer vir melk produksie.

Voordele van Kruipvoeding:

- Lammers wat kruipvoer ontvang sal groter daaglikse gewigs toenames hê, dus kan hul vroeër gespeen word (op 60 dae, in plaas van 90 dae).
- Meer lammers kan direk vanaf die ooi bemark word, wat 'n hoër uitslagpersentasie verseker en dus groter profeit.
- Kruipvoeding verlaag die stres wat gepaard gaan met speen omdat lammers reeds aangepas is en gewoon is aan 'n droë dieet.
- Wanneer lammers vroeg gespeen word, kan die ooi vinniger herstel en die nutriënte vir reprodutiewe funksies

gebruik, dus sal die teel seisoen vinniger kan begin. 'n Verhoogde liggaamskondisie telling van ooie sal ook 'n beter konsepsie tempo verseker, wat tot 'n hoër lam persentasie in die volgende lam seisoen sal lei.

- Kruiervoeding help ook om die ontwikkeling van die rumen funksie aan te help, want die rumen van 'n jong lam is nog nie ten volle ontwikkel nie.
- Minder druk word op die weiding geplaas weens die feit dat beide ooie en lammers minder vreet.

Samestelling van 'n Kruivoer

Die kruivoer rantsoen moet hoogs smaakvol en fyn gemaal wees met 'n klein partikel grootte om hoë innames te verseker. Groeiende lammers het 'n hoë behoefte aan essensiële aminosure, dus is dit noodsaaklik dat hoë kwaliteit deurvloei proteïene 'n deel uitmaak van die kruivoer. Dit is belangrik om te onthou dat NPN (nie-proteïen stikstof) bronne nie gebruik moet word in die formulering van 'n kruivoer nie, omdat die jong lam se rumen nog nie ten volle ontwikkel is nie. (NPN word in die volwasse rumen omgeskakel deur rumenmikrobes na bruikbare proteïen.)

'n Kruivoer rantsoen moet ongeveer 16% ru-proteïen bevat, asook 'n hoë vlak metaboliseerbare energie, om aan die voedingsbehoefte van 'n jong lam te voldoen. Dit is belangrik dat daar genoeg ruvoer in 'n kruivoer is, omdat dit die ontwikkeling van die rumenfunksie aanhelp, asook help om asidose te voorkom. Boere kan gerus hul naaste voedingskundige kontak vir enige advies rakende kruiervoeding.

Voorgestelde Rantsoene

Kruivoer kan uit tuisgeproduseerde roumateriale saamgestel word om dit ekonomies te maak. Tabel 1 gee twee

voorbeelde van kruivoer rantsoene wat in die behoeftes van 'n jong lam sal voldoen.

Tabel 1 Twee voorgestelde tuismeng kruivoere

ROUMATERIAAL	RANTSOEN 1 INSLUITING (%)	RANTSOEN 2 INSLUITING (%)
Geel Mielies	44	47
Soja oliekoek	0	8
Canola oliekoek	10	0
Lusern hooi	40	39
Melasse meel	5	5
Voerkalk	1	1
NUTRIENT WAARDES		
ME (MJ/kg)	11,8	11,7
CP (%)	15,9	16,2

Wesfed se Lamkruip Pille is ideaal geformuleer om aan al die voedingsbehoefte van 'n sogende lam te voldoen (sien tabel 2). Hierdie pille is hoogs smaakvol aan lammers en met hul klein deursnee (4mm), verseker dit ook hoë innames. Dit bevat ook hoë kwaliteit deurvloei proteïene, het 'n minimum van 16 % ru-proteïene en 12 MJ/kg metaboliseerbare energie om aan die voedingsbehoefte van die jong lam te voldoen. Wesfed Lamkruip Pille kan vanaf 10 dae na geboorte van die eerste lammers, gevoer word.

Tabel 2 Nutriënt samestelling van Wesfed se Lamkruip Pille

WESFED LAMKUIP PILLE			
SAMESTELLING			
NUTRIENT	MIN	MAX	EENHEID
Vog		120	g/kg
Proteïen	160		g/kg
Ru-vesel	75	150	g/kg
Ru-vet	25	70	g/kg
Fosfor	3		g/kg
Kalsium	8	10	g/kg

Die groei tempo van die lammers moet gemonitor word. As die groei tempo minder as 300 g/lam/dag is, moet daar seker gemaak word dat lammers se inname van die kruipvoer genoeg is. Die gemiddelde kruipvoer inname is ongeveer 200 tot 400 g/lam/dag. Die sukses van kruipvoer hang af van die inname, dus moet die inname genoeg wees om enige positiewe resultate te sien. Innames sal varieër na gelang van die hoeveelheid weiding, ras, kondisie van die ooi en aantal lammers per ooi. Die totale kruipvoer inname kan wissel tussen 25 tot 30 kg/lam, afhangend van die speen gewig van die lammers.

Dit is ook belangrik om seker te maak dat die voerspasia van die lammers genoeg is, om positiewe resultate van kruipvoeding te sien. 'n Groot persentasie van lammers sal nie die kruipvoeding eet as daar nie genoeg kripaspasia is nie. Die voorgestelde kripaspasia is ongeveer 5 cm/lam.

Slot

Die korrekte en strategiese gebruik van kruipvoer as aanvulling by lammers kan dus vir 'n skaap onderneming groot voordele inhou. Dit is nie net voordelig aan die lam en sy toekomstige prestasie nie, maar help ook die ooi om vinniger te herstel. Dus is dit 'n belangrike maatstaf om 'n winsgewende skaap onderneming op te lewer. **W**



Email: rache@wesfed.co.za

Website: <http://www.wesfed.co.za/>

Cell: +27 72 662 2829

Work: +27 22 433 4706

Moorreesburg

7310